# 8 April 2024 - Lesing 282 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

JaHshua se Opstanding - 23/4/62

**NO: 8158** Op die derde dag het My liggaam verrys. En al blyk hierdie gebeurtenis vir julle mense ook ongelooflik te wees, omdat daar geen bewyse voor gegee kan word nie, tog sal **deur My Gees steeds aan die mensdom verkondig word dat Ek waarlik opgestaan het uit die dood.**

Want Ek het deur My verlossingswerk die dood oorwin, wat My teenstander deur sy val in die diepte eerste in die wêreld gebring het.

En Ek het julle deur My opstanding tegelyk bewys dat daar **geen dood meer is vir die vergeestelikte wese nie.** Dat die terugkeer tot die oorspronklike toestand, - wat deur 'n lewe in liefde, soos wat Ek dit vir die mense voorgeleef het, bereik kon word, - ook elke doodse toestand, elke onmag en elke kragteloosheid uitsluit en **die siel kon nou die Ewige Lewe ingaan**, sodra sy hierdie verandering in haar aardse lewe voltrek het.

Die dood is oorwin deur My kruisoffer, **want die oerskuld was daardeur gedelg** en het die skepsel weer die moontlikheid gegee om weer te word soos wat hy as oerwese was, en wat nou ook 'n Ewige Lewe waarborg. Ek wou julle 'n bewys gee **dat ook die vleeslike liggaam homself kan vergeestelik** en dat hy daarom die dood nie meer hoef te vrees, as die mens die vergeesteliking van sy liggaam reeds op die aarde sou bereik nie.

Ekself het as die mens JaHshua deur My lewe van die Liefde al die nog onryp substansies van My liggaam vergeestelik. Ek het hulle tot voltooiing gebring. Die Liefde het al die nie-geestelike in My gekalmeer en het hulle daartoe gebring om hulself met My siel te verenig, **sodat liggaam en siel hulself totaal met die Ewige Goddelike Gees in My kon verbind** - en dus die totale samesmelting daarmee laat plaasvind.

'n Volledige vergeestelikte wese kan nie meer aan die dood onderworpe wees nie, want die dood is 'n toestand van kragteloosheid, - terwyl 'n wese wat vergeestelik is, **vol lig en krag is en vry van elke gebondenheid.**

Die gebeurtenis van My opstanding was vir julle mense duidelik te sien, want hulle het My graf leeg gevind. Dat die ongelowiges die ontvoering van My liggaam nou vir hulle medemens geloofwaardig wou maak, was begryplik, maar ook dit kon hulle nie bewys nie.

En om My opstanding as waarheid aan te neem, sal steeds net die gelowige doen, - die mense wat reeds **innig met My verbonde is deur die liefde of hulle goeie wil om reg te lewe voor My oë**. Dat dit egter plaasgevind het, is waar, want daarmee was die belofte vervul wat deur sieners en profete aan die mense gegee was. My opstanding was 'n groot nederlaag vir My teenstander, waar Ek die bewys gegee het dat die liefde sterker is as die haat en dat hy sy aanhang nie vir ewig in die toestand van die dood sou kon hou nie, omdat Ekself die dood oorwin het en dus die lewe kan gee aan elkeen wat My verlossingswerk erken - en terselfdertyd 'n beroep doen op dié genade wat aan die kruis verwerf is.

Vir My teenstander was My opstanding dus 'n nederlaag en daarom probeer hy die mense van die spoor afbring **deur My opstanding as twyfelagtig voor te stel.**

En tog kan hy die opstanding van hulle wat My navolg, die wat in My glo en die wat Ek nou ook die Ewige Lewe kan skenk, soos wat Ek dit beloof het, nie verhinder nie. **Sy aanhang sal geleidelik verminder**, want steeds weer sal mense verrys en ewig lewe omdat Ek die dood oorwin het. Omdat hy nie vir ewig die innerlike kan neerdruk van hom wie se wil dit is om na My terug te keer nie en hulle daarom onder My kruis beskerming soek om aan die mag van My teenstander te ontsnap. Vir hulle is die dood oorwin en die opstanding tot die lewe verseker.

Ook My dissipels wou nie glo dat Ek opgestaan het uit die dood nie, ofskoon Ek dit tog al vooraf vir hulle voorspel het. Maar Ek het hulle geloof versterk en hulle het My herken toe Ek by hulle kom. Hulle het dus die bewys gehad dat Ek die dood oorwin het, want hulle moes My met volle oortuiging verkondig, **hulle moes My sterwe, net soos My opstanding, bekendmaak.**

Hierdie kennis moes die mense verneem wat aan My glo, hulle sou dan die weg na die kruis kan opgaan, omdat hulle dan slegs verlossing kon verkry as hulle ook hul skuld na My toe bring onder die kruis. Maar My grootste werk van erbarming sou spoedig in vergetelheid geraak het, **as My Gees nie steeds weer in die mense kon gewerk het nie**, wie hulself volledig en heeltemal oorgegee het aan My, wie Ek daarom ook, as verlos, **kon vul met My Gees**, Wie hulle weer **innerlik kon onderrig** en Wie aan hulle die kennis oor die verlossingswerk van JaHshua Messias kon ontsluit.

Want alles wat deur oorlewering aan die mense meegedeel word, behou sy waarheidsgehalte nie vir lank nie. Waar slegs die menseverstand besig is, daar ontstaan ook onware opvattinge, wat as oorleweringe deurgegee word en wat sodoende geen waarborg meer bied vir die suiwere waarheid nie.

Waar My Gees egter in 'n mens kon werk, daar word ook steeds die suiwer waarheid benadruk en sowel die kennis van My lyding en sterwe aan die kruis, asook My opstanding, aan die mense oorgedra, omdat hierdie kennis onvoorwaardelik nodig is sodat ook die mense heeltemal vervul sal wees van die geloof.

En steeds weer sal My Gees dan in die mens werksaam wees, wie homself aan My oorgee om die suiwere

waarheid te ontvang.

Steeds weer sal die boodskap aan die mense verkondig word en korrekte opheldering gegee word, **sodat julle mense ook met oortuiging aan My opstanding kan glo** en ook daaraan, dat Ek waarlik die dood oorwin het, dat daar vir julle geen dood meer hoef te wees as julle julleself aan My sy plaas nie, as julle self wil dat Ek vir julle gesterwe het, as julle 'n lewende geloof het in My en My verlossingswerk, wat Ek Self in die mens JaHshua volbring het.

Ek het opgestaan uit die dood en so sal ook julle opstaan na die dood van julle liggaam en vir ewig lewe. En julle hoef geen dood meer te vrees sodra julle vrygeword het van die vyand van julle siel nie, van My teenstander. Sodra julle julleself deur My laat verlos, bestaan daar vir julle geen dood meer nie, want dan sal julle in en met My lewe en die lewe vir ewig nie meer verloor nie. Amein.